



# Week 4 Dag 4: Soos Jesus gestuur

*Lees: Joh 20:11-23*

Dit maak ’n mens half benoud, nie waar nie? Dat Jesus dieselfde opdrag wat Hy van sy Vader ontvang het, nou ook aan jou gee! Maar dis hoe dit werk. Jy word Jesus se broer of

suster, en sy Vader is nou joune ook. Oor daardie ongelooflike voorreg het jy twee dae gelede nagedink. Dalk wil jy gou terugblaai en kyk wat jy toe in jou joernaal geskryf het.

Nou wil Jesus hê dat jy moet verstaan dat daar nie net voorregte verbonde is aan kind van God wees nie. Dis ook ’n geweldige verantwoordelikheid, want dieselfde opdrag kom ook na jou.

Daar is gelukkig een taak wat Jesus moes kom uitvoer wat Hy nie aan jou en my opdra nie, want Hy het dit volledig klaar afgehandel: Hy moes kom sterf om vir die sonde van die mens te betaal. En tog is die stryd teen die Bose en die sonde deel van ons opdrag ook. Ons mag nie toelaat dat die sonde oor ons heers nie. Paulus skryf baie uitdruklik hieroor in Romeine 6:12-14.

Jesus het egter vir meer gekom as net om die Bose te verslaan en vir ons los te koop uit die sonde. Dink na oor wat Jesus se groot opdrag was, en probeer jou dan indink hoe sy opdrag in jou lewe ook kan uitspeel. Skryf dit in die joernaal hieronder neer.

> *Gebed: Here, ek is gewillig om gestuur te wees, maar ek voel so onbekwaam. Help my om my roeping uit te voer!*

## Onlangse Bydraes


- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23  Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob


## Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026